Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

JANUARIE 2020

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

OVERSTRAND SE BLOUVLAE *WAPPER TROTS!*

BLOU VLAG VIR DIE 1STE KEER GEHYS BY CASTLE BEACH: Die Blou Vlag is amptelik vir die eerste keer op Vrydag 29 November 2019 by Castle Beach gehys en verleen sodoende erkenning dat hierdie strand nou ook deel is van 'n keurgroepie strande. Ten tyde van dié seremonie het Overstrand se Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee alle belanghebbendes bedank vir die onderskeie rolle wat hulle vervul het om nog 'n Blou Vlag vir Overstrand te verower. Hier geniet die Burgemeester en raadslede Riana de Coning en Andrew Komani die oomblik in die geselskap van Gansbaai se areabestuurder Kat Myburgh, Blouvlagkoördineerder Lauren Rainbird, Gansbaai-toerismebestuurder Glenda Kitley, wetstoepassingsbeampte senior superintendent Tony Blankenberg, lede van die "Working for the Coast"-span, lede van Gansbaai se operasionele personeel, lede van die wykskomitee en verskeie ander belanghebbende partye.

Die munisipaliteit werk ten nouste saam met WESSA (die Natuurlewevereniging van Suid-Afrika) om sy strandfronte en kuslyn te verbeter. Blouvlagstatus is 'n internasionale akkreditasie en munisipaliteite moet jaarliks aansoek doen om die status van hul strande te hernieu. Blouvlagstrande moet aan streng kriteria voldoen wat op vier aspekte van kusbestuur betrekking het. Die vier aspekte is watergehalte, omgewingsopvoeding, omgewingsbestuur en veiligheid. Blouvlagstatus is vir die 19de keer aan Grotto toegeken, terwyl Hawston en Kleinmond hul vlae vir die 14de keer gehys het.

In Overstrand het die Blouvlagseisoen op 1 Desember 2019 'n aanvang geneem toe Grotto, Hawston, Kleinmond en Castle Beach amptelik vir die somer oop verklaar is.

Soos te verwagte, is die vlae ten aanskoue van verskeie belanghebbers en amptenare gehys wat maar al te trots daarop is dat die munisipaliteit hierdie status kon behou aangesien dit internasionale bevestiging is dat Overstrand 'n vakansiebestemming van gehalte is. Inwoners en vakansiegangers kan na hartelus in die branders baljaar met die sekere wete dat hulle veilig is terwyl hulle eweneens die beste geriewe tot hul beskikking het.

Blouvlagstatus sal tot 15 Januarie 2020 vir Hawston en Kleinmond geld. In die geval van Castle Beach in Pearly Beach - wat vir die eerste keer ooit Blouvlagstatus ontvang het - sal die Blou Vlag tot 11 Januarie 2020 wapper. Grotto se Blouvlagstatus sal tot 31 Maart 2020 van krag bly.

Onrus is vir die eerste keer as 'n Blouvlagtoetsprojek geoormerk, en watermonsters sal tussen 1 Desember 2019 en 15 Januarie 2020 geneem word.

Op al hierdie strande sal lewensredding- en sekuriteitsdienste ten volle operasioneel wees tussen 09:00 en 18:00.

Die ontplooiing van die Blou Vlag op Kleinmond se strand is bygewoon deur (agter van links na regs) lewensredder Rodrigo Majiet, wetstoepassingsbeampte Reginald Smith, Kleinmond se areabestuurder Desmond Lakey, Wyk 10 en Wyk 9 se raadslede Fanie Krige en Grant Cohen, Kleinmond se Blouvlagtoesighouer Dencil Arendse en raadslid Charmaine Resandt. Voor is lewensredders Niezaamoedien Trollip, Mlondi Jula, Nhlanhla Maphumulo, Raziel Henkeman en Riyaad Isaacs.

Mense met gestremdhede kan ook by Grotto en Kleinmond van spesiale strandrolstoele gebruik maak.

Honde-eienaars wat van Blouvlagstrande in Overstrand gebruik maak, moet vir so lank as wat die Blou Vlae wapper alle reëls in hierdie verband respekteer. Troeteldiereienaars word ook versoek om nie hulle honde se bolle in die sand te begrawe of dit in die see te gooi nie. Dit moet opgetel en op 'n gepaste en higiëniese wyse mee weggedoen word.

BANKREKENINGNOMMERS

Maak asseblief seker jy gebruik die regte een.

Wetgewing verplig 'n munisipaliteit om elke vyf jaar sy tender vir bankdienste te hernieu. Hierdie tender is aan Nedbank toegeken omdat hulle aan alle tendervereistes voldoen het, met inbegrip van bankgelde. Afhangende van die soort betaling wat aan die munisipaliteit gemaak word, geld die volgende rekeningnommers voortaan:

Munisipale rekeninge (diensgelde en eiendomsbelasting)

→ Nedbank-rekeningnommer: 1190136899

Hierdie rekening is uitsluitlik vir die betaling van maandelikse munisipale rekeninge. Die betaling moet die 12-syfer numeriese rekeningnommer as die verwysing insluit. Munisipaliteit Overstrand doen 'n beroep op alle belastingbetalers om seker te maak dat hulle hul betalingsbesonderhede verander van die ou Absa-rekening na die nuwe Nedbank-rekening. In die besonder word daar 'n beroep gedoen op belastingbetalers wat hul rekeninge via elektroniese oorplasings vereffen om die besonderhede van begunstigdes by te werk en om die nuwe, korrekte bankrekeningbesonderhede te gebruik wanneer hulle hul maandelikse munisipale rekening vereffen:

Nedbank-rekeningnommer: 1190136899
Tipe rekening: Tjek/lopende rekening
Universele takkode: 198765
Tak: Inland Garden Route
SWIFT-kode: NEDSZAJJ

Overstrand-verkeersboetes

→ Nedbank-rekeningnommer: 1190137186

Hierdie rekening is uitsluitlik vir die betaling van verkeersboetes uitgereik deur Munisipaliteit Overstrand, en die betaling moet die 10- tot 16-syfer- alfanumeriese verwysingsnommer insluit wat op die boete aangetoon word. Let asseblief daarop dat die "/" nie by die verwysingsnommer ingesluit moet word nie.

Lisensiehernuwings / bouplanne / nuwe aansluitings, ens.

→ Nedbank-rekeningnommer: 1190136678

Hierdie is Munisipaliteit Overstrand se primêre rekening en is vir die betaling van gelde verbonde aan die hernuwing van lisensies, bouplanne, nuwe water- en elektrisiteits-aansluitings, gebruik van sleephellings, stadsbeplanning, ens. Kliënte word versoek om 'n verwysingsnommer by die munisipaliteit te kry voordat hulle gelde in gevalle soos hierdie deponeer.

Onrus-karavaanpark

→ Nedbank-rekeningnommer: 1190137674

Hierdie rekening is uitsluitlik vir die betaling van kampeergelde vir die Onrus-karavaanpark, en die besprekingsnommer moet as verwysingsnommer vir betalings gebruik word.

NEDBANK

HONDE EN STRANDE

Op versoek van Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee gaan Munisipaliteit Overstrand, met fasilitering deur Nature's Valley Trust, in 2020 'n sesmaandelange toetslopie onderneem om te bepaal of die sonering van strande daartoe sal bydra dat ook inwoners met geselskapsdiere ons strandgebiede op 'n verantwoordelike wyse kan geniet sonder om 'n bedreiging vir die natuurlewe of ander strandgebruikers in te hou.

Hierdie proeflopie sal op strande in Hermanus, Gansbaai en Kleinmond onderneem word, en elk van hierdie strande sal afgebaken word in 'n **GROEN-** (sonder leiband), **ORANJE-** (aan leiband) en **ROOI-** (geen honde) sone. Let egter daarop dat honde, ongeag die sone, deurentyd onder beheer van hul eienaars moet wees, en dat bolle van die strand verwyder moet word.

Die eerste rondte gesprekke met diegene wat belang by die voorgenome proeflopie het, het reeds afgeskop, en 'n openbare werksessie sal in die tweede helfte van Januarie 2020 gehou word om hierdie konsep bekend te stel. Daarna sal die publiek die geleentheid gegun word om kommentaar te lewer op die finale voorstel alvorens daardie voorstel aan die Raad vir oorweging voorgelê word. Hou 'n ogie op die plaaslike media vir meer inligting in hierdie verband.

Veranderings aan strandregulasies ten tyde van die proeflopie sal op verskeie platforms beskikbaar gestel word, en nuwe tekens en kaarte sal beskikbaar wees om te verseker dat die oorskakeling so glad en stresvry as moontlik verloop.

Tot tyd en wyl moet honde egter nog steeds aan leibande op alle strande gehou word. Let ook daarop dat geen honde op Grotto-, Hawston-, Castle- en Kleinmondstrand toegelaat word solank die Blou Vlag wapper nie.

Troeteldiereienaars word ook versoek om nie hulle honde se bolle in die sand te begrawe of dit in die see te gooi nie: Tel dit op deur gebruik te maak van die sakkies wat spesiaal vir hierdie doel bestem is en raak dan daarvan ontslae op die regte wyse.

HONDE EN KUSVOËLS

Kusvoëls word erg geraak deur honde se teenwoordigheid op strande. In sommige gebiede het broeisukses tot so laag as 10% gedaal. Dit is nie omdat die voëls dalk deur honde aangeval of beseer word nie, maar eerder omdat somertemperature tot gevolg het dat eiers só erg verhit dat hulle binne vyf minute nie meer lewensvatbaar is nie.

In die somer, sit kusvoëls op hul eiers om hulle koel te hou. As die broeipaar wat op die eiers sit dus elke kort-kort versteur word, kan dit binne minute dodelik vir die eiers wees.

HONDESTAPPIES IN FERNKLOOF

Onlangs is gerapporteer dat honde sonder leibande in die omstreke van die besoekersentrum in die Fernkloof-natuurreservaat bemerk is. Alhoewel honde op die Blou-roete sowel as in die botaniese tuine toegelaat word, moet hulle deurentyd aan 'n leiband wees. Hondestappers moet asseblief by die aangewese paadjies hou, die reëls gehoorsaam en bedagsaam teenoor ander honde-eienaars en besoekers aan die natuurreservaat wees deur hul honde deurentyd aan 'n leiband en onder beheer te hou. Honde is ook welkom op die kuspaadjies, solank hulle aan 'n leiband is. 'n Splinternuwe brosjure wat die kuspaadjies uitstip, is verkrygbaar by die besoekersentrum in die reservaat.

Overstrand nou deel van UNESCO se Netwerk van Kreatiewe Stede

Hermanus en sy omliggende dorpe was verheug om te hoor dat hulle voortaan deel gaan wees van UNESCO se Netwerk van Kreatiewe Stede as 'n Stad van Gastronomie - 'n eerste vir alle bestemmings in Suid-Afrika. Hierdie aankondiging wat op 30 Oktober 2019 in Parys gemaak is, kom daarop neer dat Overstrand maar die derde Suid-Afrikaanse bestemming is wat, ná Kaapstad en Durban, by hierdie netwerk kon aansluit. Kortom beteken dit dat die ongelooflike ritjie langs die panoramiese kuslyn wat strek van Rooi Els tot in Kleinmond en verder na Hermanus, Stanford en Gansbaai nou geag word as 'n kulinêre ervaring waarlangs smulpape hulle na hartelus kan verlustig in die talryke kleure en geure van die produkte wat deur 'n velerlei klein produsente, wynmakers, brouerye, padstalletjies en eetplekkies langs die pad aangebied word.

By aanhoor van hierdie goeie nuus, het Munisipaliteit Overstrand se Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee gesê, "dit is 'n riem onder die hart om te hoor dat al die harde werk van soveel individue en ondernemings wat al so lank daaraan werk om Overstrand, of die Cape Whale Coast soos ons bekend staan, as 'n kulinêre ervaring met verskeie aanbiedinge op die wêreldkaart te vestig, uiteindelik beloon is". Samesprekings rondom die UNESCO-voorlegging het reeds ten tyde van die Indaba in 2019 'n aanvang geneem, en hierna is 'n paar druk gesprekke in Hermanus gevoer. Darryl David, gevierde skrywer en lektor, het die voortou met die voorlegging geneem. Hierdie is 'n wen vir die verkopers van vis, bakkers van pannekoek, makers van wyn, brouers en distilleerder van bier en ander dranke, malers van koffiebone, bedrywers van plaasstalletjies, plukkers van vrugte en diegene wat die potte roer. Dit versinnebeeld ook samewerking tussen die regering en die private sektor, aangesien politieke onderskraging sowel as 'n demonstrasie van hoe goed plaaslike ondernemings die behoefte aan 'n kulinêre ervaring kan vervul hier nodig was. "Ons restaurante se gebruik om hul kosprodukte via volhoubare programme soos die WWF se Abalobi-inisiatief aan te koop, het daartoe bygedra dat hierdie prestasie behaal kon word," sê Frieda Lloyd, *Cape Whale Coast* se toerismebestuurder. Volgens haar is hierdie tipe toekenning 'n bewys dat streke en dorpe hulself kan herposisioneer om gehoor te gee aan wêreldwye tendense. "Ons het net die grootste lof vir die Cape Whale Coast-span wat hul aanbiedinge tot só 'n mate uitgebrei het dat die Overberg nou 'n breër gehoor vanuit ons plaaslike en internasionale markte prikkel en lok," sê Tim Harris, Wesgro se hoof uitvoerende-beampte. "Om deur UNESCO erken te word, is 'n fantastiese prestasie en sal help om die minderbekende juweeltjies van hierdie streek in die kalklig te plaas." Met hierdie internasionale toekenning word erkenning verleen dat Overstrand vir 'n hele spektrum smake voorsiening maak. Insgelyks bied dit 'n geleentheid om die aanbiedinge van die ondernemende gasvryheid-, boerdery- en vissergemeenskappe langs die Cape Whale Coast selfs verder uit te brei.

O·A·K
verstrand arts • kunste

GUSTAVO ROMERO, wêreldbekende pianis van die VSA, lewer op Sondagmiddag 19 Januarie om 15:30 'n Beethoven-konsert in die Burgersentrum op Hermanus. Kaartjies kos R150 en is beskikbaar by die toerismekantoor tel. 028 312 2629. Rig navrae aan René du Plooy op 082 940 4238.

HERWINNING IN OVERSTRAND

Waar ons staan en hoe die pad vorentoe lyk

Die munisipaliteit word oorval met vrae vanaf verskeie inwoners oor die sluiting van Walker Bay Recycling en die gebrek aan herwinningsfasiliteite.

Hier is die feite:

Munisipaliteit Overstrand was nie in staat om enige vorm van hulp aan Walker Bay Recycling te bied nie weens die feit dat hulle 'n private maatskappy is wat vanaf 'n private eiendom bedryf word en nie enige kontrak of ooreenkoms met die munisipaliteit het om afval te herwin nie. Walker Bay Recycling is ten tyde van ons heel eerste vergadering met hulle ingelig dat ons weens wetgewende beperkinge nie by magte is om enige vorm van ondersteuning te bied nie. Hulle is ook meegedeel dat hulle moet wag totdat die nuwe munisipale materiaalherwinningsfasiliteit (in Engels Material Recovery Facility afgekort as MRF) gebou is, waarna hulle - net soos alle ander voornemende diensverskaffers - kan tender om dié fasiliteit te bedryf indien hulle 'n kontrak vir herwinning met Munisipaliteit Overstrand sou wou aangaan.

Ons is maar al te bewus daarvan dat die tarief wat per ton vir herwonne materiaal betaal word, erg gedaal het en dat hierdie daling oor die algemeen 'n geweldige impak op die finansiële volhoubaarheid van herwinningsmaatskappye oral in Suid-Afrika het. In die besonder bevind die papierbedryf hom tans in 'n penarie, soos geïllustreer deur die markwaarde vir K4 (karton) soos hieronder uitgestip:

Begin van die jaar	± R1 500/ton
Begin-November 2019	± R400/ton
Middel-November 2019	± R200/ton
Tans	± R100/ton

Ten tyde van die vergadering wat in November 2019 deur die Wes-Kaapse aksiegroep vir herwinning in Kraaifontein gehou is, is die aanwesiges ingelig dat 35 klein herwinningskontrakteurs op die punt staan om hul deure weens ongunstige marktoestande te sluit. Voorts het Mpact Recycling aangekondig dat hulle voortaan nie meer poliëtileen-tereftalaat (PET) by hul Wadeville-aanleg gaan herwin nie.

Vordering met nuwe materiaalherwinningsfasiliteit (MRF), openbare aflaaipunte en 'n area vir die versnippering van tuinafval

Die MRF en aflaaifasiliteite sal in Schulphoekweg, langs Hermanus se rioolwerke geleë wees, en die versnipperingsfasiliteit sal langs wetstoepassing se persele in Hemel-en-Aarde op die Camphill-pad aangebring word.

Die voorbereiding van die tenders vir die konstruksie van die fasiliteite is so te sê afgehandel, en die tender sal in Januarie 2020 geadverteer word. Daar word voorsien dat konstruksiewerk teen Desember 2020 afgehandel sal wees, tensy onvoorsiene oponthoude opduik. Slegs wanneer die MRF-fasiliteit ten volle operasioneel is, sal die munisipaliteit in 'n posisie wees om die lewering en afhaal van deursigtige sakke te hervat en hierdie sakke aan die operateur van die nuwe MRF te besorg.

Kommentaar oor vergaderings en interaksie met Walker Bay Recycling (WBR)

In die loop van die jaar is verskeie kere met WBR vergader waartydens die volgende kwessies bespreek is:

- Die konstruksie van die nuwe munisipale MRF en die voorneme om 'n tender aan te vra vir 'n operateur om hierdie fasiliteit te bedryf;
- Die redes waarom 'n korttermyn-tender vir die afhaal en herwinning van deursigtige sakke nie aangevra kon word nie;
- Verlening van toegang tot munisipale deursigtige sakke (residensiële herwinbare afval) en waarom die munisipaliteit nie herwinbare afval kan afhaal en by WBR aflewer nie sowel as waarom WBR nie, ingevolge die verordening op afval, self hierdie sakke op die sypaadjies kan optel nie;
- Die feit dat die munisipaliteit nie enige finansiële hulp of aansporing aan WBR kan bied om afval te herwin nie aangesien Overstrand geen kontrak met hulle aangegaan het om hierdie diens namens die munisipaliteit te lewer nie.

Ten tyde van hierdie samesprekings tussen die onderskeie partye, het verteenwoordigers van WBR laat blyk dat hulle begryp waarom die munisipaliteit hierdie standpunt handhaaf.

Verklein jou koolstofvoetspoor

Die negatiewe kommentaar en klagtes ten spyt, kan inwoners gerus wees dat Munisipaliteit Overstrand daartoe verbind is om herwinning in te span as 'n doeltreffende manier om natuurlike hulpbronne te bewaar en die hoeveelheid afvalprodukte wat by grondopvullingsterreine beland, te verminder. Ons doen 'n beroep op inwoners om mooi te dink voordat hulle goedsmoeds iets in die asblik gooi. Doen asseblief julle bes om huishoudelike afval te herwin of te herbruik sodat julle koolstofvoetspoor so klein as moontlik is, selfs al word alle afval tans by Karwyderskraal se grondopvullingsterrein gestort.

As bobbejane nie 'n probleem is nie, kan elke huishouding een rolvullishouer of vier swart sakke met huishoudelike afval op die sypaadjie vir afhaling uitplaas. In areas wat deur die munisipaliteit geïdentifiseer is as areas waar bobbejane en diesulkes 'n probleem kan veroorsaak, moet alle houers van bobbejaanbestande sluittoestelle voorsien word en mag geen sakke wat afval bevat op sypaadjies gelaat word nie.